**Skriflesing: Johannes 10 vers 1-21 en 27-29**
**Tema: Ek is die goeie herder**

Ons het 'n mooi romantiese prentjie van 'n herder met sy skape in die veld waar die gras altyd groen is en daar altyd genoeg water is. Maar groen weivelde is in Palestina 'n raar verskynsel. Dit is woestynwêreld. Dele van die land is bergagtige landskap met baie gevaarlike rotse en afgronde. Tussen die rotse sien jy skielik 'n kudde skape, en ja, natuurlik 'n herder. Want wat sou 'n kudde skape in hierdie bergagtige landskap sonder 'n herder maak? Die herder loop voor op die regte paaie. Hy soek na goeie weivelde. Soms moet 'n herder groot afstande aflê om 'n bietjie groen gras te kry of om water te vind. En die herder moet altyd wakker wees, want dit kan sommer maklik gebeur dat 'n skaap oor 'n afgrond val of net verdwaal tussen die rotste. So 'n skaap vind jy nie sommer terug nie. Rustig is dit glad nie. Om sake nog erger te maak, skuil daar tussen die rotse allerhande roofdiere soos wolwe, leeus en bere. En by tye was daar ook veediewe. Skape was altyd 'n maklike prooi. Die domste ding wat 'n herder kon doen was om in die nag met jou skape in die oop veld te bly. Daarom het 'n herder sy skape teen die aand na 'n kraal gelei. 'n Kraal was 'n oop ruimte in die veld wat deur takke of klippe afgeskerm word. 'n Klompie herders het van een kraal gebruik gemaak. Die herders het om die beurt wag gehou by die hek van die kraal. 'n Kudde sonder herder se kans op oorlewing was baie skraal.

Ons moet die romantiese prentjie van die herder met sy skape vinnig vergeet. Nie net lyk die prentjie in Jesus se tyd nie so nie - ook in ons lewens bevind ons ons nie altyd in 'n groen weiveld met 'n rustig kabbelende riviertjie nie. Ons beland soms in daardie gevaarlike bergagtige landskap soos in Palestina. Die lewe raak weerbarstig, droog en hard.

In hierdie lewe is ons die skape. In die Nuwe Testament is daar net minder as 30 verse wat van kinders van die Here praat as skape. In die gelese gedeelte lees ons twaalf maal van ons as skape. Van ons geld dit wat ons lees in Jesaja 53 vers 6: "Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op Hom laat afkom."

In hierdie harde werklikheid, ook van kerstyd, kom sê Jesus: "Ek is die goeie Herder. Ek is julle goeie Herder."

**Die goeie Herder ken Sy skape en ons ken Hom**
**Hy ken ons as Sy skape**
In vers drie lees ons: "Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit." In vers 14 sê Jesus: "Ek is die goeie herder. Ek ken my skape," en in vers 27 sê Hy weer: "Ek ken hulle,…"
Hy bevestig wat ons reeds in Jes 43:1 lees: "Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne."
Maar nie net ken Hy vir ons nie, ons ken ook vir Hom.

**Ons as skape ken Sy stem en volg Hom.**
Ons ken en luister na Sy stem uit die Bybel en volg Hom. Ons loop nie agter vreemdelinge of sonde aan nie. As hulle ons roep, hardloop ons weg want ons ken nie hulle stem nie. Om die Herder te ken, is meer as kopkennis. Dit is om in 'n egte verhouding met Hom te staan. Dit is om Hom te volg met jou hart en lewe. Om Hom te ken, is om in 'n intieme geloofsverhouding met die Herder te staan.

Jou herder roep vanoggend weer jou naam. Ken Hom en volg Hom in geloof.

**Die goeie herder gee sy lewe vir sy skape.**
As Jesus van 'n huurling praat, dan verwys Hy na die Joodse godsdienstige leiers. Hulle is nie herders nie en die skape behoort nie aan hulle nie. Daarom gee hulle nie veel vir die skape om nie. As die wolf kom, los hulle die skape net so en hardloop weg.

Christus is anders. Ons lees Joh 10:11 in die Boodskap: "Ek is vir Christene wat 'n herder vir sy skape is. Wat Ek bedoel is dit: die herder is bereid om alles te gee ter wille van sy skape, ook sy lewe. Hy sal liewers self doodgaan as dat hy sal toelaat dat sy skape iets oorkom."
In vers 15 sê Hy: "… Ek lê my lewe af vir die skape." In vers 18 bevestig Hy dat Hy dit vrywillig doen omdat Hy Sy skape liefhet: "… ,maar Ek lê dit uit my eie af."

Omdat Jesus gesterf en opgestaan het, is Hy ook die ingang, die enigste manier om by God uit te kom. (Joh 10:9) In Johannes 14:6 herhaal Hy hierdie waarheid: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie." Hy lei vir ons na weivelde van vrede en vriendskap met God.

**Hy gee Sy skape lewe**
Jesus sê self dat Hy gekom sodat ons die lewe kan hê, en dit in oorvloed. (Joh 10:10) Elkeen van Sy kinders het hierdie lewe - 'n lewe van verlossing en oorwinning oor sonde, vol hemelse vreugde en vrede in 'n vriendskap verhouding met God. Hierdie lewe is lekkerder en beter as enige iets anders.

En Hy gee nie net vir ons die lewe hier nie, Hy gee vir ons die lewe wat nooit sal ophou nie. (Joh 10:28-29) In hierdie volmaakte weiveld sal ons vir altyd saam met God wees. By Hom sal daar geen dood, hartseer of pyn meer wees nie. En niks sal ons van Hom en die lewe wat Hy gee, kan skei nie, want die goeie herder hou ons vas.

**Die goeie herder hou Sy skape vas**
Ons word vasgehou met 'n dubbele Goddelike greep: die Vader en die Seun hou ons vas. Niks of niemand sal vir ons uit Sy hand ruk nie, nie lewe of dood nie, niks nie. Hy sal vir ons, ook deur ons woestyntye, end uit beskerm en bewaar. En as ons, op 'n onverklaarbare manier uit Sy liefdesgreep loskom, gaan haal Hy Sy skape wat afdwaal. Ons lees daarvan in Matt 18 en Luk 15 in die gelykenis van die verlore skaap.

**'n Laaste ding wat my opgeval het, is dat die goeie Herder net een kudde het.**
Almal wat na die Herder se stem luister en Hom volg is een groot Christen familie met een Herder. Soos 'n kudde, is hierdie familie op geen manier eenders nie. In Jesus se familie is daar mense van alle ouderdomme, geslagte, tale, kulture ens. Maar ons is een kudde of Christelike kerk, want die Here is ons almal se Herder. Hy bind vir ons in Sy liefde aan mekaar.

**Sluit af**
In Matteus 9 vers 36 lees ons: "Toe Hy (Jesus) die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie." Daar is nie meer rede om moeg en moedeloos te wees nie, want ons het 'n Herder. Dit is nie nodig om rigtingloos rond te dwaal nie. Ons het 'n goeie Herder wat ons liefhet en red. Hy maak ons deel van Sy kudde. Hy hou ons vas en lei ons. Hy gee vir ons die lewe. Ken Hom in alles wat jy doen. Luister na Sy stem en volg Hom vandag, saam met alle ander skape, na die lewe van oorvloed.
**Amen**